

# 1

"Amen!" sê Conrad aspris harder as die res van ons. Toe ek my oë ná die gebed oopmaak, staan hy met sy hande in die lug.

My bloed kook op die plek.

Ses maande gelede was hy nog die gemeenste boelie wat ek ooit teëgekom het, en nou gaan hy deesdae tekere asof hy 'n eersteklaskaartjie op pad hemel toe het!

Gmpf. Tipiese nuwe Christen.

"Heinrich, is jy oukei?" vra my beste vriend, Marais.

Ek hou my asem op. Wys my gesig dan regtig wat in my kop aangaan? Ek gee 'n gedwonge lag. "Ja, hoekom?"

Hy lig sy skouers. "Ek weet nie. Ek dog jy't maagpyn of iets." Hy stap weg van my af.

"Oukei, kêrels," sê Frederico, ons kerk se jeuggroepleier. "Die naweekkamp het amptelik begin." Hy glimlag en vou sy arms oor sy bors. "Maar ons soek nie

probleme nie, hoor. Ons klomp leiers is op universiteit, maar julle is in graad sewe. So, wees soet." Hy knip sy oog.

"What would Jesus do?" Conrad wys na die band-jie om sy pols. "Dit help my om altyd die regte keuse te maak."

Ek kan myself nie keer nie en rol my oë. **Wie dink die vent is hy?** Toe hy almal om hom nog met lelike byname en sy vuiste getreiter het, was die res van ons al deel van hierdie jeuggroep. Maar noudat hy en sy ouers hulle harte onlangs vir die Here gegee het, dink hy skielik hy weet meer as ons en hy ken die Bybel die heel beste.

Ag, wat ook al. Hy moenie vergeet dat ék die jeuggroep se Bybelvasvra al van graad vier af elke jaar wen nie.

Ek sien Frederico kyk na my en ek word koud oor my rug. Dalk is die oë regtig die vensters na die siel en weet hy van die wrok teenoor Conrad in my hart.

"Hier is twee- en driemantente," verduidelik hy. "Julle kan self kies saam met wie julle wil kamp. Maar seuns en meisies apart, asseblief!"

Die res lag asof Frederico die beste komediant op aarde is. Net ek staan fronsend terwyl ek my lip kou. Hoe gaan ek vir Marais oorreed dat ons twee 'n tent moet deel? Vandat Conrad sy lewe kamstig verander

het, dink Marais die eksboelie is die beste ding sedert die uitvinding van die internet!

Ek steek my hande in my broeksakke en bal my vuiste. Ly my pel dan aan geheueverlies? Conrad was eens op 'n tyd ons grootste nagmerrie.

Ek sien hoe Marais en Conrad oogkontak maak en in mekaar se rigting begin stap. Iets steek soos 'n doring in my bors. Dalk moet ek net vir Frederico sê ek wil eerder alleen in 'n tent slaap . . .

Marais beduie met sy arm dat ek na hulle toe moet kom.

Conrad kyk na my en glimlag. Iets begin in my maag te kook en dit voel sommer of ek vuur kan spoeg. Het hy my rêrig so pas probeer vermaak deur te wys hy gaan my vriend by my probeer steel?

Ek sal blitsvinnig iets moet doen. Of is dit dalk reeds te laat?

---

►► As jy dink ek moet eerder alleen in 'n tent slaap, gaan na 17.

►► As jy dink ek moet vir Marais probeer oorreed om 'n tent met my te deel, gaan na 31.

►► As jy dink ek moet instem om 'n tent met Marais én Conrad te deel, gaan na 44.